



WEKE FEESTE

Marié Britz

13 Februarie 2022
Sondag 09:30

Die Fees van die Eersteling (Hag Habikkurim)

Ons lees dié week:

Levitikus 23:9-14
1 Korintiërs 15:20-23
Johannes 12:24-26

Agtergrond

Hierdie fees is die derde en laaste fees van die Feesseisoen van die Pasga. Die Fees van die Eersteling handel oor 'n lewe van toewyding.

Hierdie fees moes gehou word op die dag ná die Sabbat, m.a.w. op die 17de dag van Nissan en die eerste dag van die week, nl. Sondag volgens ons kalender. Hierdie is 'n baie belangrike feit, want dit was juis op die eerste dag van die week, ná die Sabbat wat op Christus se kruisiging gevolg het, dat Hy uit die dood opgestaan het.

Die doel met die fees vir die Jode was om die garsoes aan die Here te wy. God het aan hulle die land voorsien en eintlik behoort die volle oes dus aan die Here, want nie net het Hy die land aan die volk gegee nie, maar Hy het ook die oes laat groei. Die volk was dus net rentmeesters van die opbrengs van die oes en deur die oes aan die Here op te dra, het hulle daardeur erkenning aan God gegee dat Hy die eintlike Gewer van die oes is en dat die hele oes eintlik aan Hom behoort.

CHRISTUS VERVUL DIE EERSTELINGFEES:

In 1 Kor 15:20-23 verduidelik Paulus aan ons hoe Christus ook hierdie fees vervul het:

"Maar nou, Christus is opgewek uit die dood, as eersteling uit dié wat gesterf het. ²¹Aangesien die dood deur 'n mens gekom het, het die opstanding van die dooies ook deur 'n mens gekom. ²²Net soos almal deur hulle verbondenheid met Adam sterf, so sal almal in Christus lewend gemaak word. ²³Maar daar is 'n volgorde: die eersteling is Christus, daarna, by Christus se koms, dié wat aan Hom behoort."

Jesus het die Fees van die Eersteling vervul, die oomblik toe Hy opgestaan het uit die dood. Sy opstanding het die begin ingelui van die oes van baie siele wat aan God gewy sou word. Jesus was die menslike gerf wat God uitgesoek het vir die doel om die dood te oorwin en die ewige lewe te voorsien aan almal wat in Hom sou glo as Here en Verlosser – aan diesulkes was Hy die Eersteling wat opgewek is om nooit weer te sterf nie.

Ons het dus gesien dat Jesus gekruisig is en sodoende die Pasga vervul het. Daarna het Hy gesterf en is Hy begrawe ter vervulling van die Fees van Ongesuurde Brode. Toe het Hy opgestaan uit die dood as Eersteling ter vervulling van die Fees van die Eersteling. Jesus sou ook opvaar na die hemel waar Hy Homself aangebied het as Eersteling uit die dode en dit op presies dieselfde dag waarop die eersteling gerwe voor

die aangesig van die Here beweeg is as beweegoffer. Jesus was die vervulling van al die Ou Testamentiese feeste!

KLEINGROEPBYEENKOMS

Vorbereiding vir die byeenkoms:

As voorbereiding vir die groep kan julle besluit om die dag saam skaapvleis te braai en iemand kan 'n lekker varsgebakte brood en vars slaai bring. Hierdie is wel opsioneel, maar kan as simbole dien van die jaar-oudlam en die begin van die graanoes wat die Jode destyds gebring het om te offer tydens die Fees van die eersteling. Of steek sommer net 'n vuur aan en kuier as groep saam om die vuur.

Ons ontmoet mekaar

- Deel met mekaar hoogtepunte en laagtepunte van die afgelope week
- Wat uit verlede week se nadenke en die erediens het jou veral by gebly. Deel dit in die groep met mekaar.

Ons ontmoet God

- Steek 'n kers aan en laat iemand die byeenkoms aan die Here opdra.
- Lees in die groep die drie teksgedeeltes van die week asook die agtergrond stukkie vir die week se Fees van die Eersteling.
- Laat elkeen deel wat hulle in die gedeeltes opval. Gee tyd dat elkeen deel wat hulle opval sonder om mekaar in die rede te val

Ons deel met mekaar

- Die Fees van die eersteling se fokus is veral toewyding aan God. Die erkenning dat alles wat ek het 'n geskenk van God is. Een van ons ou Kerkvaders, Ignatius van Loyola het 'n baie besonderse gebed van toewyding:

Take, Lord, and receive all my liberty, my memory, my understanding, my entire will – all that I have and call my own. You have given it all to me. To you Lord, I return it. Everything is yours: do with it what you will. Give me only your love and your grace. That is enough for me. Amen

- Bespreek in die groep die radikaliteit van die gebed.

Die fees van die Ongesuurde Brood is deel van die Pasga fees waarvoor ons verlede week gesels het. Hierdie fees word vir 7 dae lank gevier (7 is die volmaakte getal) en word in Eksodus 12 en Levitikus 23 beskryf as deel van die Paasfees



